# KAAPSE Brokkies
# NUUS 28 Jan 2011

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

Met skole atletiekbyeenkomste, swem-galas, oueraande en vele meer fokus ons op beplanning,voorbereiding en afsprake met vrywilligers en personeel.

**Kyk saam terug na laaste deel van 2010**

Dis mos lekker om na jou Desember vakansie foto's te kyk! Net so om 'n terugblik te gee op die wilde, lekker, aktiewe afsluitings periode van 2010 toe sertifikate en Hey! knopies uitgedeel is en partytjie gehou is. Die trotse kinders se gesiggies vertel meer as woorde kan sê! By **Lawrencia laer** is die jaar se Kinder EE afgesluit met 'n boodskap deur **Chris Bester** oor die Die Groot Kersgeskenk en lekker lofprysing. Dit is opgevolg met die uitdeel van geskenke vir elk van die 400 kinders. Die persente-inisiatief is deur Annelise Brits van Kaapstad georganiseer. Kyk die groot geskenke!



Summies eet choc - chip muffins



Beaumont se gr1's kry Bybels en sertifikate



Lawrncia se Kersparty

Dan was daar die jaareind konsert van die **pêrelprojek se kinders** waar hulle gesing en die EEIII raamwerk opgevoer het. Sowat 20 van die gaste en ouers het oorgawes gemaak die aand!! Ons is dankbaar en vra gebed vir hul geestelike groei&beskerming.



Pêrel projek se kinders kry Hey! "badges"!

**2011 se nuutste dankie en "bid asb"nuus:**

**1.**Ons ontbyt met **Pieter van Jaarsveld en Niël Steinmann** was 'n "blessing" en almal het baie geleer. Kyk op www.hey.org.za vir meer **2**. **Vanessa** word deel van die Hey! span en gaan by Lawrencia fasiliteer-ons is opgewonde oor haar! **3.**Die hoof by **De Hoop laerskool** gee Hey! die geleenthied om die gr 4's en 5's te bedien op Maandae van 5 tot 6 nm! **4.Belinda bied 'n Kinder EE kliniek aan by NG Stellenberg van 28 Jan tot 2 Feb. Bid asb vir oop harte en vir haar vir wysheid met die groep asook energie!!**



**Hey!sê welkom aan VANESSA!**

**Dankie vir jou gebede,liefde en omgee!**

**Celeste Steinmann**
**082 322 5299**